Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 05/2026

13 Maart 2026

## Van die skoolhoof

### Die boom waai nie om nie

**Psalm 1:2–3 (berymd)**
"Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,
sy wortels uitsprei na die waterkant ..."

Wat 'n groot voorreg is dit nie dat ons kinders hier by die skool mag opgroei met hulle wortels geplant by die waterstrome van God se Woord nie. Elke dag weerklink die Psalms deur ons gange. Kinders hoor die Woord van die Here, hulle leer daarvan, skryf toetse en eksamens daaroor en doen baie kennis van die Skrif op.

Ons hoor soms die opmerking dat ons dalk baie klem op Bybelkennis plaas, en dan vra mense of geloof nie eerder iets van die hart is nie.

Die Bybel en ons belydenis help ons om hierdie vraag mooi te verstaan. Die Heidelbergse Kategismus beskryf ware geloof in Sondag 7 só:
"'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk."

Ware geloof bestaan dus uit **kennis én vertroue**. 'n Mens kan immers nie op Iemand vertrou wat jy nie ken nie. Daarom hoor en leer kinders eers die inhoud van God se Woord. Hierdie kennis is nie 'n blote akademiese oefening nie, maar die grond waarin geloof kan wortelskiet.

Die Skrif moedig ons ook aan om juis die grootwordjare van kinders hiervoor te benut. **Spreuke 22:6** sê: "Oefen die kind volgens die eis van sy weg; dan sal hy ook as hy oud word nie daarvan afwyk nie."

Die lewe stel baie eise aan ons, en ook aan ons kinders. Op hulle lewenspad sal daar storms kom, tye van swaarkry, verlies en onsekerheid. Wanneer droefheid of beproewing aan hulle deure klop, het hulle 'n vaste fondament nodig waarop hulle kan terugval.

Dikwels is dit juis in sulke tye dat 'n mens ontdek hoe diep die wortels werklik gegroei het. Dan word die kennis van God se Woord 'n bron van troos en hoop. Die storms kan dan maar kom, 'n boom wat diep en vas geplant is, waai nie sommer om nie.

Hoe mooi is dit wanneer 'n oudleerling jare later getuig dat sy, toe die storms van die lewe haar getref het, tog kon bly staan. Nie omdat sy self so sterk was nie, maar omdat sy kon terugval op die Woord wat sy as kind geleer het. Haar wortels het gehou, die boompie het nie omgewaai nie.

Daarom leer ons kinders die Woord van die Here. Nie omdat ons eensydig op kennis wil fokus nie, maar omdat ons verlang dat hulle wortels diep moet groei. Ons bid dat die Here hierdie kennis deur sy Gees sal gebruik om ware geloof in hulle harte te werk. Sodat, wanneer die storms van die lewe kom, hulle nie omwaai nie, maar staande bly, vas geplant by die waterstrome van sy Woord.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **14/03:** LS Bulletjierugby te LS Anton von Wouw
- **16/03:** LS Veldskool vertrek
- **17/03:** HS Netbal te HTS John Vorster
- **19/03:** HS Tafeltennis vs AHMP (GK Toitiusdalsaal)
- **19/03:** HS Netbal vs Maragon Mooikloof(Tuis)
- **20/03:** LS Veldskool terugkeer
- **24/03:** HS Tafeltennis: Pretoria Boys High
- **24/03:** KS Fotodag
- **24/03:** LS Netbal vs Kameelfontein (Tuis)
- **25/03:** KS Oueraand
- **25/03:** Gr. 1-3 Oueraand
- **25/03:** LS Fotodag
- **26/03:** Skool sluit
- **26/03:** Rapporte uit

# Neem KENNIS

## Aprilvakansie

Neem asseblief kennis van die volgende datums vir die **Aprilvakansie**:
Die skool sluit **Donderdag 26 Maart** om **13:00** vir alle leerders.

Dit is een dag vroeër as die openbare skole, aangesien ons onderwysers op **27 Maart** die ICO-seminaar bywoon.

Die skool heropen op **Maandag 13 April.**

Ons het drie ekstra vakansiedae bygevoeg sodat leerders en personeel 'n volledige twee weke se rustyd kan geniet.

Let ook daarop dat die laaste week van April nie 'n vakansieweek sal wees nie, al is daar twee openbare vakansiedae met drie skooldae tussenin. Die skool bly oop aangesien die hoërskool se toetsreeks reeds in daardie week begin.

## Desembervakansie

Volgens die jaarbeplanner sou die skool op 2 Desember vir leerders sluit. Die bestuur het egter op versoek van die personeel toestemming verleen dat die skool **Vrydag 27 November** vir leerders kan sluit.

Die rede hiervoor is dat hoërskoolonderwysers graag wil deelneem aan die IEB-merkproses. Hierdie proses bied waardevolle blootstelling aan:

- IEB-standaarde en assesseringsriglyne
- vakinhoud en modereringsprosesse
- nasionale standaardisering
- netwerkgeleenthede met ander IEB-skole

Om aan die merkproses te kan deelneem, moet ons eie interne eksamens betyds afgehandel wees sodat daar genoeg tyd is vir merkwerk en die opstel van rapporte.

**Wat beteken dit vir leerders en ouers?**

Die skool sluit vir alle leerders op **27 November.**
Die laerskool sal toesig bied tot **2 Desember**, maar daar sal geen formele program wees nie.

Rapporte word steeds op 8 Desember uitgedeel.

Hierdie veranderinge sal ook op die skoolkalender op die webtuiste aangebring word. Maak asseblief seker dat u dit ook in u persoonlike dagboek aanteken.

## Welkom by Dirkieland

Ons verwelkom juffrou **Elnique Makkink** wat nou by die Olifantklas (ons kleinste maats) as 'n assistent werksaam is. Juffrou Elnique is 'n oud-Dirkie wat weer haar gawes met ons kom deel. Ons vertrou dat sy sommer gou haar voete by Dirkieland sal vind.



## Vakansietoesig

Na herhaalde versoeke van ouers bied die skool voortaan vakansietoesig vir leerders aan.

Hierdie diens is hoofsaaklik bedoel vir kleuterskool- en grondslagfaseleerders. Ouer kinders kan slegs aansluit indien daar plek beskikbaar is.

**Koste:**
R85 per dag (dieselfde as die naskool se dagtarief)

**Tye:**
07:00 – 16:00
Laat afhaal ná 16:00 sal ekstra koste meebring.

Geen etes word voorsien nie – ouers moet ontbyt en middagete saamstuur. Daar sal wel vakansie-aktiwiteite vir die kinders aangebied word.

Die toesig sal deur mev. Michelle Verhoef en mej. Elnique Makkink behartig word.

**Datums vir vakansietoesig:**
**Aprilvakansie:** Dinsdag 7 – Vrydag 10 April
**Julievakansie:** 29 Junie – 10 Julie

Ouers moet betyds aansoek doen om ’n plek vir hul kind te verseker.





## Veiligheid tydens op- en aflaai

Ons doen weer ’n **ernstige beroep** op alle ouers om baie stadig te ry wanneer kinders op- en afgelaai word. Ongelukke gebeur in ’n oogwink, en die veiligheid van ons kinders kom altyd eerste.

Ons vra ook dat ouers die **parkeerreëls op die terrein** sal nakom en nie so parkeer dat die vloei van verkeer belemmer word nie.

**Oom Joseph** doen elke dag sy uiterste bes om die verkeer veilig en vlot te laat verloop. Luister asseblief na sy instruksies en werk saam om die proses vir almal veilig te maak.



## Vriendskaplike netbalwedstryde


Die hoërskool en laerskool se **netbaldogters** speel vriendskaplike wedstryde. Kom ondersteun hulle gerus.

## Ondersteun ons spanne

Ons wil graag hierdie jaar ’n poging aanwend om ons **sportspanne** te **ondersteun**. Baie van die wedstryde is tuiswedstryde of baie naby in ons omgewing. Kom ons wys ons is trots op ons skool en ondersteun in die korrekte skoolklere of sosiale drag.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE



## Kunskompetsie: ten bate van Bek-en-Klouseer fondsinsameling

Basiese onderwys is ’n voorreg wat elke kind in Suid-Afrika het. Tog staan talle boeregesinne tans voor ’n bittere werklikheid: die uitbraak van bek-en-klouseer het hulle finansieel só hard getref dat kinders se skool- en koshuisgeld nie meer betaal kan word nie.

Die **Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)** het in reaksie hierop ’n fonds gestig om geaffekteerde boere by te staan. As ’n skool wat omgee, wil Gereformeerde Skool Dirk Postma graag ’n tasbare verskil maak.

Ons stel dus ons kunskompetisie bekend: Enige kind in enige fase. Alle inskrywingsgelde gaan direk na hierdie fonds.

**Die kompetisie**
Alle Dirkies word uitgenooi om ’n kunswerk met ’n plaastema te skep. Daar sal ’n kleuterskool-, laerskool- en 'n hoërskoolwenner aangewys word, en die wenkunswerke verskyn in die 2027-dagboeke van Gereformeerde Skool Dirk Postma.

**Besonderhede**
Opdrag: Kunswerk met enige plaastema Grootte: A4 Materiaal: Enige (verf, skets, canvas, karton, ens.) Inskrywingsfooi: R100 Sperdatum: 17 April 2026 Aankondiging van wenners: 5 Mei 2026

**Hoe om in te skryf**
Stuur ’n hoë-resolusiefoto van jou kunswerk, saam met bewys van betaling, na **bemarking@gsdp.org.za.** Sluit jou naam, van en graad in jou e-pos in. Hou asseblief die oorspronklike kunswerk veilig totdat die wenners aangekondig word.

**Betaling**
Bank: ABSA Takkode: 632005 Rekeningtipe: Tjekrekening Rekeningnaam: GSDP Rekeningnommer: 90159801 Verwysing: Familiekode + BEK

Kom ons wys saam dat Dirkies omgee: vir mekaar, vir ons boere, en vir elke kind se voorreg om in die klas te wees.


https://forms.gle/JKZ83nAq6EmjWRQC7
















## Kleuterskool



**Belangrike datums:**

**20 Maart:** Lekkertjiedag
**25 Maart:** Fotodag
**25 Maart:** Oueraand

## Laerskool

### Veldskool 2026 – Hier gaan ons!

Die wag is amper verby! Na maande se harde werk met fondsinsamelings en die opwinding om die perfekte T-hempontwerp te kies, is dit uiteindelik tyd vir Veldskool 2026.

Die groot dag breek **DV Maandag, 16 Maart**, aan. Ons leerders vertrek saam met Akademie Reformia en Centurion Christelike Laerskool vir 'n week wat hulle nie gou sal vergeet nie. Of dit nou die hindernisbane, die swem in die dam, of die wildsritte is, daar is iets vir almal. Bo alles is dit 'n tyd om stil te word en die Here in die natuur te aanskou.

Baie dankie aan Ds. Lohan Linde, mev. Lara Botha en die ander personeellede van die ander twee skole wat saamgaan om die week moontlik te maak. Ons kan nie wag vir die foto's en stories nie!





# Laerskool

## Dirkies Rugby

Na ’n geruime tyd sonder ’n eie rugbyspan het die Dirkies in 2026 die bul by die horings gepak en ’n **Dirkies Bulletjie-** en **Dirkies 7’s-spanne** is gevorm. Die spanne het mooi bymekaar gekom en daar was Woensdag, 4 Maart die geleentheid om aan die spelers ’n mooi nuut ontwerpte Dirkie-rugbytrui te oorhandig. Die manne is reg vir die seisoen en die ouers nog meer opgewonde! Daar is nog geleentheid om deel te word van die seisoen se spanne.








# Hoërskool




## Dames- en Dogtersaand

Die jaarlikse Dames- en Dogtersaand vind **DV 23 April 2026** plaas. Ons is op soek na ma's en dogters wat bereid sal wees om as gasvroue op te tree.

Die rol van 'n **gasvrou** behels slegs die dek van 'n tafel vir die aand. Die kos, nagereg en sap word deur die skool voorsien, so u hoef nie kos saam te bring nie. Gewoonlik sit daar tussen 8 en 10 dames per tafel. Die tema vir die tafeldek sal aan die gasvroue deurgegee word.

Hierdie aand bied 'n wonderlike geleentheid vir ma's en dogters om saam betrokke te raak. Dit is 'n mooi manier om hul dogters meer te leer oor tafeldek en gasvryheid, en om hul Godgegewe talente, kreatiwiteit en sorg vir ander op 'n praktiese manier te gebruik.

Indien u graag 'n gasvrou wil wees, of 'n gasvrou wil wees, maar nie oor al die nodige eetgerei beskik nie, is u baie welkom om met **juf. Anine** te skakel.

## Sluit aan by die fietsryspan

Indien daar leerlinge is wat by die skool se fietsryspan wil aansluit, kan hul inligting by juf. Mariska kry. Die oefeninge vind saam met HTS John Vorster plaas. Sluit aan by die fietsrygroep op die hoërskool se gemeenskap.



## Sosiale drag

Leerlinge mag vanaf **DV 13 Maart** af weer sosiale drag op Vrydae dra. Ons versoek ouers om asseblief toe te sien dat hul korrek geklee is volgens die reëls in die dagboek.

Die graad 10-leerlinge moet nog op 13 Maart ook skooldrag dra, en mag vanaf 20 Maart weer sosiale drag dra (daar is 'n aparte reëling met hulle getref weens hul gholfdag).

WEN JOU WISKUNDE!

CAPS-belyn, Begrip-gefokus.
Rapport-gereed.

**Wen Jou Wiskunde** bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde **wiskunde** ondersteuning aan vir leerders.

Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders **rapportgereed** te maak.

Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en **konsepbou** te versterk.

- Getalle, bewerkings en verwaniskappe
- Patrone, funksies en **algebra**
- Ruimte en vorm
- Meting
- Datahantering



Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning

WEN JOU WISKUNDE!

wenjouwiskunde@gmail.com • 074 956 0796

074 956 0796

---

Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT
HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA
HELENA - 0845103373
HV.VERWEY@GMAIL.COM

---

GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)
Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede
Studiemetodes en eksamenvoorbereiding
Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

